HSAG

*ENGLISH TEXT BELOW*

**MAANDELIKSE NUUSBRIEF: APRIL 2022**

**Hierdie nuusbrief word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep ("HSAG") op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.**

**Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.**

**Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.**

**Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.**

## HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE


1. DIE HSAG IS STEEDS GESEËND!
2. DIE BEHOEFDE AAN 'N DUIDELIKE VISIE VIR DIE TOEKOMS
3. GEEN HERUITVINDING VAN DIE WIEL - DIE PAD VORENTOE
4. WAT DOEN DIE HSAG EN SY REGSPAN PRESIES
5. WAAROM IS LEDEBYDRAES BELANGRIK?
6. BETALING VAN OPVRAGING
7. "OPT-OUT" / "OPT-IN"
8. VORDERING IN THE CCAF-SAAK
9. VORDERING IN DIE DECA-SAAK
10. ALGEMENE NAVRAE
11 BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS
12. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE
13. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

## 1. DIE HSAG IS STEEDS GESEËND!

Vrydag, 22 April 2022, was 'n dag van verootmoediging vir die HSAG.

Ons is in persoon geseën deur 'n getroue HSAG lid wat meer as 1 500 km uit die platteland van die geteisterde KwaZulu-Natal, saam met sy eggenote gereis het, om spesiaal vir ons te kom besoek met 'n stewige handdruk van bemoediging en om daarna 'n seëngebed oor die werksaamhede van die HSAG en sy regspan uit te spreek.

In al die jare sedert ons onbekende reis in 2014 begin het, was dit een van die mees kosbare oomblikke en besoeke wat ons nog tot op hede gehad het.

'n Heilige oomblik.

Dit was soos 'n fontein met kristalhelder water wat skielik onverwags in die woestyn, van nêrens af verskyn het, om almal wat moeg en uitgeput met die reis is, te verfris. Die sentrale boodskap, wat ná 'n seëngebed gelaat was, is Psalms 91 en 40. Psalm 91 is die alombekende Psalm van Dawid waar daar na die Here om hulp en beskerming uitgeroep word en is seker die Psalm wat die meeste in strawwe tye gebid word.

Om na mens se Skepper uit te roep en hom jou toevlug en bergvesting te noem, die God op wie jy vertrou, is partykeer al wat oorbly wanneer dit voel asof alles anders ten gronde gegaan het. Om die versekering te hê dat dit Hy is wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, die verderflike pes wat in die donker wandel en die siekte wat op die middag verwoes is, is partykeer al wat mens in die oggend uit die bed sal kry. Om te weet dat Hy jou sal dek met Sy vlerke, dat sy vleuels skuiling bied en dat sy trou ‘n skild en pantser is, sal enige angstigheid tot niet maak. Omdat ons Sy Naam ken, sal hy ons red en beskerm, in ons nood sal Hy by ons wees.

Psalm 40 is ‘n loflied en gebed om hulp. Dit begin met ‘n danksegging van bevryding, lewer dan getuienis van die Verlossing en sluit dan af met ‘n roep om genade. Dit is so

goeie weerspieëling van ons eie tog deur die lewe, ons emosies. Ons roep en prys, maar ween en smeek in dieselfde asem. Hy sal ons hulpgeroep hoor en ons uit die modderige slyk optrek, maar steeds sal ons ongeregtighede meer as die hare op ons hoof wees. Al is ons ellendig en behoeftig, sal Sy goedertierenheid en trou ons altyddeur behoed. Inderdaad, geseën is die man wat vertrou op die Almagtige!

Ons wil net almal wat ons arms tot dusver hooggehou het en die proses geseën het, hartlik bedank!

* Oor die afgelope jare het ons ook telefoniese oproepe en eposse van getroue lede ontvang en voel ons dat, hoewel ons normaalweg nie boodskappe van hierdie aard sou publiseer nie, die HSAG-bestuur voel dat dit wel in die geval gepas is om te doen.

## 2. **“DIE BEHOEFDE AAN ‘N DUIDELIKE VISIE VIR DIE TOEKOMS”**

Ons kry van tyd tot tyd briewe van HSAG-lede wat vra vir 'n duidelike blik op die toekoms wat voorlê. Sommige van hierdie lede is opbetaalde lede en vra hulle geldige vrae, byvoorbeeld “Waarom 'n klein gedeelte van opbetaalde lede die gewig en las moet dra van ander mense wat nie saamwerk of bydra tot die krygskas van die HSAG nie.” Hierdie vrae is geldige vrae, maar as dit in isolasie gesien word, kan dit die hele doel van die beginsels van die groepsaksie, ondermyn. Ons sal nietemin poog om lig te werp op sommige van die belangrike vrae wat gevra word, maar weens die vertroulike aard van die onderskeie lede se besonderhede en ook die groot belangstelling wat ons opponente in die ondersteuning en finansiële welstand van die HSAG het, sal dit strategies onverstandig wees om met die hele sak patats vorendag te kom. Verál by die kritieke punt waarby die HSAG hom tans bevind, naamlik op die punt van die aansoek om sertifisering van die DECA-klasaksie.

Hieronder gee ons enkele punte weer wat die HSAG deur die jare al bereik het. Van die spreekwoordelike wiel wat die HSAG ontwerp en gebou het met ons vorige sertifisering aansoek wat gelei het tot die sertifisering van die  CCAF-saak (Certified Class Action Fast Track), deur die agbare Regter Tolmay.

Dit is korrek dat die hofsake van dié omvang (altesaam R4,6 miljard) al etlike jare duur en dat ons jare geneem het voordat die sertifiserings aansoek aangehoor en toegestaan is. Sekere ontevredenheid is uitgespreek oor die jaarlikse bydraes wat sedert 2016 vereis word. Dit is ook 'n feit dat die meeste van die HSAG-lede bejaardes is wat die geheel of 'n groot deel van hul spaargeld in die mislukte HSAG 15-22-maatskappye belê het. As die jaarlikse bydraes wat  van ‘n individu aangevra is, bymekaar getel word en dan gedeel word deur die aantal jare wat die HSAG-klas-aksie bestaan, kom dit daarop neer dat sodanige opbetaalde lid slegs 0,75% per jaar van die gemiddelde bedrag wat deur HS-Beleggers belê is (R250 000), betaal het. Sommige mense maak egter 'n eenvoudige berekening van al  die bedrae wat oor jare versoek is, en vermenigvuldig dit dan met die totale aantal HSAG-lede wat tot ‘n absurde syfer lei. Hierdie berekening is heeltemal vals en is so ver van die HSAG verwyder as wat die Ooste van die Weste is.

Die korrekte toedrag van sake is dat slegs 'n klein aantal HSAG-lede hul opvragings pligsgetrou betaal. Dit is dus verstaanbaar dat opbetaalde lede mag vind dat kommunikasie en nuusbriewe al hoe meer eentonig en neerdrukkend raak, maar, as dit nie vir die geleentheid was om deel te wees van die groepsaksie soos die HSAG en CCAF nie, sou dit die implikasie gehad het dat die vereiste regskoste maklik 10 000% per individu, of veel meer kon wees as wat wel opgevra is. Dit sou beteken dat 99% van die HSAG-lede nie in 'n posisie sou gewees het om litigasie vir só lank en op hierdie skaal te kon voer nie, en alle hoop en vooruitsigte sou vroeg reeds verlore geraak het.

Een opbetaalde belegger maak in ‘n skrywe aan ons melding van die Januarie 2022 nuusbrief wat 'n "uiters neerdrukkende prentjie” van die status quo geskets het, hetsy uitdruklik óf tussen die lyne, en vestig dan die aandag op die volgende:

- *Dalende lidmaatskapbydraes* – Dit is 'n harde feit;
- *Betalings voortdurend nie op datum nie* – Dit is ook 'n harde feit;
- *Die behoefte om rekeninge op datum te bring* – 'n Harde realiteit;
- *Die minderheid lede wat die meerderheid dra* – Dit mag so wees;

- *Die risiko/dreigement dat die hele saak sonder die nodige befondsing in duie sal stort* – Dit sal 'n ongelukkige realiteit wees, indien daar nie genoeg lede is wat die saak kan befonds nie;

Ten spyte van bogenoemde feite en realiteite, het die skrywer van die brief ook baie bemoedigende opmerkings teenoor die regspan (met wie sy en haar familie al 'n lang pad saamkom, nog voordat die HSAG-sake ontstaan het) gemaak. In sulke individuele sake is kliënte nóú betrokke en in direkte kontak met die regspan, soos in alle individuele regsaangeleenthede (teenoor klasaksies), en die uitkoms meer seker, hoewel die regskoste eksponensieel meer sou wees as wat nou betaal word in die HSAG-aangeleentheid.

Die skrywer het voortgegaan deur te sê dat die realiteit van die ses jaar was:

- *Eindelose regstaktieke en regstappe van die Georgious en Orthotouch, wat HSAG-gelde spoedig opvreet* – Dit is reeds lank te verwagte en hanteer die regspan dit soos en wanneer nodig. Daar is egter nou nuwe rolspelers betrokke en is die proses tans heelwat meer gestroomlyn
- *Die onbeskryflike traagheid van die regstelsel, wat HSAG-gelde spoedig opvreet* – Die regstelsel val ongelukkig vierkantig binne die staatsbestel, wat vir ‘n dekade gekaap was, en moet ons binne daardie konteks daarmee handel. Daarby was die hele wêreld die afgelope twee jaar sedert 2020 ernstig gekniehalter. Nietemin beweeg die sake steeds vorentoe.
- *Die Sindikasies wat in Besigheidsredding geplaas word, wat HSAG-gelde spoedig opvreet* – Dit was ook onverwags, maar word ook daarmee so spoedig moontlik gehandel.
- *Covid, wat HSAG-gelde spoedig opvreet* – eweneens onverwags
- *Die dood van Nic Georgiou en die behoefte om 'n bestorwe boedel te hanteer, wat HSAG-gelde spoedig opvreet* – onverwags.
- 'n Stadige en onbevoegde Meesterskantoor – Te verwagte weens redes hierbo vermeld

HSAG-lede se werklikheid in die komende jare, soos voorgestel deur die skrywer, bring baie belangrike kwessies na vore:

- *Tyd kos geld, en geld is wat HSAG-lede nie het nie. Hoe meer lede gevra word om by te dra, hoe meer lede sal wegval*
- ➢ Dit is waar, maar die harde realiteit is ook dat as dit nie vir die HSAG was nie, die hofsaak nie moontlik sou gewees het nie.
- *Hoe meer lede wegval, hoe meer sal die res van ons moet betaal, en uiteindelik sal die hele poging in duie stort, met elkeen van ons aansienlik armer.*
- ➢ Dit is ook waar, maar baie van die HSAG se lede wat wegval word deur hul kinders of opvolgers in titel vervang.
- *Ons het geen idee of ons ooit enige van ons oorspronklike beleggings sal sien nie – of hoe klein of groot persentasie daarvan ons ooit sal sien nie.*
- ➢ Dit is ook 'n geldige opmerking, aangesien dit op hierdie stadium nie moontlik is om te sê hoeveel uiteindelik verhaal sal word of wanneer dit verhaal sal word nie. Dit is die ongelukkige realiteite van litigasie, maar as die HSAG nie die sake voortsit nie, sou al die eise in elk geval wetlik verjaar het en dan sou daar geen kans of hoop op enige verhaling wees nie.
- *Ons het geen idee hoeveel jaar dit nog sal neem om enigiets te bereik nie.*
- ➢ Tot nou toe het die HSAG reeds baie prestasies verwerf op 'n gebied wat slegs 'n paar jaar voor ons begin het, totaal onbekende en nuwe grond in die Suid-Afrikaanse reg was.
- *Het Georgiou ENIGE bates in sy boedel gelaat toe hy gesterf het?*
- ➢ Dit is 'n feitelike vraag wat beantwoord sal word sodra die eksekuteur sy finale ondersoek en uiteindelik die goedgekeurde likwidasie- en distribusierekening afgehandel het. Daar word verwag dat HSAG-eise 'n wesenlike deel van die eise teen die boedel sal uitmaak. Daar sal eers duidelikheid wees sodra die boedel gelikwideer is, maar tensy bevredigende skikkingsvoorstelle ontvang word, sal die litigasie voortgaan, wat kan eindig in 'n insolvente boedel waar 'n likwidateur aangestel sal word om bates te vind wat sonder teenwaarde vervreem is.

- *Wil ons almal vir nog 5-10 jaar (of meer) aanhou betaal? Ten watter koste vir individuele lede?*

➢ As die litigasie voortduur, sal dit so lank duur as wat sy lede hul klasaksies ondersteun. Daar is baie onbekende faktore wat die uitslag van die litigasie kan beïnvloed en alhoewel ons nie kan spekuleer oor hoe lank dit gaan voortduur nie, is dit 'n feit dat hoe meer lede die groepsaksie finansieel ondersteun, hoe minder sal dit die betrokke individue kos. Die blote grootte van die HSAG het dit tot dusver in staat gestel om teen ons finansieel sterk teenstanders te litigeer, en daarom het die HSAG nog nooit lede van die spreekwoordelike bus afgegooi nie.

Hierdie beginsel is weerspieël deur die uitspraak van die Hooggeregshof, waar die hof beslis het dat die opbetaalde lede toegelaat sal word om by die gesertifiseerde klasaksie aan te sluit sonder enige bykomende betaling van 'n aansluitingsfooi, waarvan reeds meer as 50% van die fooie op daardie stadium deur sodanige lede oor 'n tydperk van vyf jaar betaal is.

Indien die aangeleentheid met die HSAG afgehandel en geskik word en ons opponente aandring op skikking met opbetaalde lede voor sertifisering, sal die volgende waar wees: indien 10% van lede opbetaal word, sal slegs R175 000 000,00 betaalbaar wees om 100% van daardie eise op ‘n gemiddeld van R250 000,00 per belegging, te skik. As 50% van die eisers opbetaal word, sal slegs R875 000 000,00 van die oorspronklike R4,6 miljard benodig word om hulle almal te skik. Om dieselfde aantal van die oorspronklike 18 300 HS beleggers te vereffen sou rofweg onderskeidelik byna 'n halfmiljard rand (vir 10%) en R2,3 miljard kos (vir 50%), wat aansienlik meer is.

Ons het in vorige nuusbriewe reeds gerapporteer waarom Mnr Georgiou van voorneme was om die gehele klasaksie te skik. Sonder betalende lede sou die hof-goedgekeurde groepslede-befondsingsmodel nie moontlik wees nie.

## 3. GEEN HERUITVINDING VAN DIE WIEL - DIE PAD VORENTOE

Soos ons die sertifiseringsverhoor in die DECA-aangeleentheid nader, het die HSAG bestuur dit goed gedink om ‘n blik terug op die CCAF-aangeleentheid se sertifiseringsuitspraak te gee, sodoende beleggers te herinner aan die regspraak aangaande klasaksies in Suid-Afrika. Regter Tolmay se uitspraak is as’t ware ‘n Meestersklas in die onderliggende regsbeginsels en vereistes vir sertifisering van ‘n klasaksie.

Sy begin deur ‘n klasaksie te definieer en haal ‘n definisie soos deur Professor Mulheron geskep, aan:

*“ 'n Klasaksie is 'n regsprosedure wat dit moontlik maak om die eise van 'n aantal persone teen dieselfde verweerder in een geding te bepaal. In 'n klasaksie kan een of meer persone namens hom of haar eie en van 'n aantal ander persone ("die klas"), wat 'n eis het op 'n remedie vir dieselfde of soortgelyke beweerde onreg aan wat deur die verteenwoordigende eiser beweer word, en wat eise het wat regs- of feitevrae in gemeen het met dié van die verteenwoordigende eiser.”*

Die definisie word verder uitgebrei deur uit te stippel dat “*slegs die verteenwoordigende eiser 'n party tot die aksie is. Die klaslede is gewoonlik nie geïdentifiseer as individuele partye, maar word bloot beskryf. Die klaslede is gebonde aan die uitkoms van die litigasie oor die gemeenskaplike kwessies, hetsy gunstig of nadelig vir die klas, alhoewel hulle meestal nie aktief aan daardie litigasie deelneem nie”.*

Ons vertrou dat ons in die HSAG se saak aan ál die vereistes vir sertifisering soos deur die Appèlhof uiteengesit, voldoen. Soos Regter Tolmay sê, “*die doel is uiteindelik om 'n aantal afsonderlike eise in een prosedure saam te bring. So 'n aksie is 'n verteenwoordigingsmiddel”.*

Een van die eerste klasaksies wat in Suid-Afrika gedryf is, was die saak van *Children's Resources Centre Trust and Others v Pioneer Food (Pty) Ltd & Andere*. Dit was dié saak wat die grondslag gelê het vir die prosedure wat gevolg moet word in klasaksie sake in Suid-Afrika en het die kriteria daarvoor ook bevestig. *Children's Resources* het bevestig dat ‘n klasaksie eers deur ‘n hof gesertifiseer moet word. Dit behels dat daar ‘n duidelike, algemene eis of kwessie, wat by wyse van 'n klasaksie vasgestel kan word, moet wees, sekere bewyse van die bestaan van 'n geldige eisoorsaak; die hof oortuig is dat die verteenwoordiger geskik is om die lede van die klas te verteenwoordig; en dat die hof oortuig is dat 'n klasaksie die mees geskikte prosedure is om te volg vir die beregting van die onderliggende eise.

As mens van nader na die riglyne kyk, maak Regter Tolmay dit duidelik dat dit nie nodig is dat alle lede in ‘n klas geïdentifiseer hoef te word nie, maar ‘n spesifieke lid se lidmaatskap moet objektief bepaal kan word. En dit kan gedoen word deur die *klas* spesifiek genoeg te definieer.

Tweedens moet daar bewys word dat daar ‘n verhoorbare kwessie uit die eisoorsaak ontstaan. Dit word bepaal deur te kyk of die eisoorsaak regtens houdbaar is en of die feite wat deur die applikant aangevoer is, 'n *prima facie* saak uitmaak. Dit moet die applikante doen deur in 'n konsep-pleitstuk en in beëdigde verklarings die grondslag vir die voorgestelde aksie uiteen te sit. Die hof kyk daarna en tensy dit duidelik is dat die eis nie wetlik houdbaar is nie, moet sertifisering nie geweier word nie. Die toestaan van sertifisering sluit egter geensins 'n uitsondering van die teenkant uit nie, nog minder beantwoord dit die vraag of die eise wettiglik verdienstelik is.

Derdens, gemeenskaplikheid. Die reg op regshulp waarop die applikante staatmaak, moet afhang van die bepaling van feitekwessies, of regskwessies, of albei, gemeen aan alle lede van die voorgestelde klasse. Dus moet almal met die gevolge van dieselfde baksel gebakte pere sit. Die vraag ten opsigte van enige klas is altyd of daar gemeenskaplike kwessies is wat bepaal kan word wat oor alle, of 'n beduidende deel, van die eise deur die lede van die klas sal beskik. Ten einde aan die vereiste van

gemeenskaplikheid te voldoen, moes die applikante wys dat die hulp wat hulle uiteindelik in die voorgestelde groepsgedinge sal soek afhang van die bepaling van feitevrae, of regsvrae, of albei, wat dieselfde vir alle lede van die beweerde klasse is. Dit is belangrik om te let, en dit is ook so in *Children's Resources* bevestig, dat die eise nie almal identies hoef te wees nie.

Laastens, moet die sertifisering in die belang van geregtigheid wees. Regter Tolmay het na al die feite in die saak gekyk en was tevrede dat alle vereistes, gevolg en bevredig is en het die CCAF-saak gesertifiseer.

As die HSAG-Bestuur na die feite in die DECA-aangeleentheid kyk, vertrou ons dat Regter Janse van Nieuwenhuizen by dieselfde gevolgtrekking as Regter Tolmay sal uitkom. Dit moet egter baie duidelik verstaan word dat elke saak op sy eie meriete beoordeel word, en kan geen bestuurslid of regsverteenwoordiger die uitslag van ‘n hof waarborg of voorspel of selfs regter in sy eie saak kan wees nie.

## 4. WAT DOEN DIE HSAG EN SY REGSPAN PRESIES

Hierdie vraag kom ook van tyd tot tyd oor ons tafel. Die beste manier om dit te beskryf is weereens by wyse van ‘n storielyn:

**Die Suurlemoenboom**

Daar was eenmaal ‘n familie wat in ‘n nuwe huis ingetrek het. Die tuin was kaal en leweloos – behalwe vir een suurlemoenboom in die middel van die grasperk wat ook maar nie ver van sy einde was nie. Dit het die familie ontstig, want hulle was baie lief vir limonade en het gehoop om deur die jaar genoeg suurlemoene van die boom te kon pluk om gereeld limonade te kon maak. Die boom het egter geen vrugte gedra nie, omdat dit in so slegte toestand was en die familie het die tweede beste ding gedoen wat hulle kon; hulle het die bietjie skadu wat die swak boom gegee het benut en ‘n sandput onder die boom vir hul kinders ingerig, sodat die kinders in die skadu van die boom in die put kon

speel. Een van die kinders se gunsteling speletjies in die sandput was om die hele dag lank klein dorpies en paadjies uit die sand te bou en dit dan aan die einde van die dag met tuinslang weg te spoel – asof daar ‘n groot storm oorgewaai het. Hulle het dié speletjie die hele somer lank gespeel.

Die familie het mettertyd agtergekom dat die suurlemoenboom bloesend gesond begin lyk het. Al wat hulle kon dink wat dit was – was die water wat die kinders in die grond laat insypel het met hulle speletjies. En skielik was die antwoord van die suurlemoenboom se redding daar – gee net water! Dit was nie lank nie of daar was bloeisels aan die boom en nie lank daarna nie het die boom die pragtigste suurlemoene begin dra. Die familie se limonade drome is verwesenlik!

Dit mag dalk na ‘n eenvoudige storie klink, maar so baie kere sal die eenvoudige oplossing van ‘n komplekse saak ons in die gesig staar, maar ons sal dit nie raaksien nie. Net so is die eenvoudige oplossing van die HSAG-lede se saak ook een wat hulle in die gesig staar, een wat hulle eintlik weet: betaal hulle ledegelde! Dit is al hoe ons hierdie saak enduit kan voer tot finaliteit toe, dit is al wat ons ons limonade (die beleggers se ontneemde gelde) sal gee – as ons genoegsame ledegelde het om ons regspan en advokatuur te kan betaal sodat hulle die werk kan doen wat nodig is om hierdie saak geskik te kry! Die regspan het ‘n baie droë boom gekry met enkele suurlemoene aan die boom.wat al was war hulle gehad het om mee te werk Op sy eie is ‘n suurlemoen suur en onaantreklik. Danksy die HSAG kan daardie suurlemoen oor tyd water kry en is die geleentheid geskep dat limonade gemaak kan word. Indien daar genoeg suurlemoene is, kan die HSAG se hoofdoel verwesenlik word, naamlik; om ‘n produk voor te lê wat aantreklik en waardevol genoeg is om suksesvol te wees

## 5. <u>WAAROM IS LEDEBYDRAES BELANGRIK?</u>

Die HSAG maak gebruik van ’n Groepslede-befondsingsmodel. Dit beteken dat alle regs- en administrasiekoste befonds word deur die HSAG-lede. Dit beteken ook dat die regspan slegs hul gewone fooie hef en nie dubbeld of selfs ’n persentasie van die HSAG

lede se eise ontvang nie. Danksy die groot getalle lede van die HSAG die afgelope jare sal, indien hierdie model gevolg word, die totale eisbedrag plus rente en koste (wat uiteindelik tot dubbeld die oorspronklike belegging kan beloop) aan die HSAG-lid deur 'n hof toegeken word. Enkele duisende rande word gevolglik deur HSAG-lede betaal ter vordering van hul eise van miljarde rande.

## 6. <u>BETALING VAN OPVRAGING</u>

Lede word weer herinner aan die administratiewe afsnydatum van einde April wanneer alle lede wat nie opbetaal is nie, waarskynlik 'n verdere spesiale heffing sal moet betaal om hul eise teen die boedel in te dien. Dus moedig ons alle lede aan om so spoedig moontlik hul betalings te maak, sodoende nie verdere kostes aan hierdie aangeleentheid te hoef spandeer nie. Tot dusver was dit oor-en-oor die moeite werd om opbetaal te wees, en het dit selfs in die Hooggeregshof uitspraak in die waterskeidingsaak van die HSAG weerklank gevind met die sertifiseringsaansoek vir CCAF.

Ons kantore het die afgelope tyd weer navrae gekry oor hoeveel regskostes hulle nog sal moet betaal ten einde die saak teen die boedel van wyle Mnr Nic Georgiou en ander te voer. Die antwoord op hierdie stadium is eenvoudig weer dat, indien elke lid getrou en betyds sy bydrae vir regskostes maak, ons nie weer gou nog 'n opvraging sal hoef te maak om die regskostes te dek wat nodig is om die saak te voer nie. Die totale omvang van die beleggings in die Hoëveld Sindikasie maatskappye 15-22 beloop meer as R4.6 miljard. Die saak is ingewikkeld en omvangryk en ten einde die eise van 7 000 voornemende eisers suksesvol te voer word aansienlike hulpmiddels en samewerking van almal benodig. Dit is immers die voornemende eisers en beleggers se sake wat ons ondersteun en verteenwoordig!

Dit was destyds met aanvang van die verrigtinge in 2014 in die vooruitsig gestel dat, indien alle beleggers hul volle registrasiekoste (van R1 000 destyds) sou betaal, ons vir 'n jaar of twee (of selfs meer) nie nodig sou hê om opvragings (betalings) te versoek nie. Die registrasiekoste het tot op 'n punt beide administrasie- en regskostes gedek. Soos uit

die hofstukke duidelik is, is die hofsake nie alleen ingewikkeld is nie, maar ook ontwikkel het en omvangryk is met vele fasette.

Die hofsake en verwante aangeleenthede gedurende die afgelope jare het tot gevolg dat ons opvragings vir regskostes moes doen. Sake van hierdie aard neem aansienlike tyd en kostes in beslag en indien die voornemende eisers nie hul bydrae tot koste maak nie sal dit ongelukkig noodwendig beteken dat die hofsaak nie kan voortgaan en aangehoor kan word nie.

Ons wil gevolglik ‘n dringende beroep op alle lede doen om hul samewerking en ondersteuning in die verband te gee. Die HSAG-bestuur en regspan vertrou dat die lede, op grond van die inligting huidig tot ons beskikking, steeds ‘n verdienstelike saak het. Ons moet egter ons kliënte deeglik daarvan bewus maak dat die teenkant eweneens ‘n aansienlike belang het om die miljarde rande wat die middelpunt van die gedinge vorm, te beskerm en dat hulle geen steen onaangeraak sal laat ten einde die sake teen hulle, teen te staan nie.

Laastens moet lede altyd daarop bedag wees dat daar sekere persone (verál op sosiale media) is wat alles sal doen (en selfs betaal is) om die klas-aksie, sy ondersteuners, ons bestuur en regspan te diskrediteer en te verdeel.

## 7. <u>OPT-OUT / OPT-IN</u>

Hierdie afsnydatum is belangrik aangesien dit in terme van die “opt-in” bedeling wat die HSAG voortaan sal ondersteun, relevant sal wees om te bepaal welke lede outomaties by die klas-aksie ingesluit sal word, sonder om verplig te wees om addisionele stappe te neem en verdere kostes te betaal, ten einde deel te vorm van die gesertifiseerde klas. Soos in die geval van CCAF, was die voordeel van die twyfel áltyd gegee aan die groot groep HS 15-22 beleggers. Soos voorheen egter, het tyd geleer dat slegs ‘n klein groepie lede pligsgetrou die klasaksie ondersteun het. Gevolglik moet ‘n belangrike keuse, soos voorheen, weer gemaak word oor die “opt-in” en “opt-out” (huidige) bedeling.

Tot dusver, in sy Kennisgewing van Mosie, het die HSAG die Hof versoek om die sogenaamde “opt-out” metode van klasaksies te volg. (Sien laasmaand se nuusbrief vir ‘n uitgebreide verduideliking van die terme “opt-in” en “opt-out.)

Ongelukkig in die HSAG-saak, onder andere weens verskeie faktore, bv. die lang tydperk, wye publikasie, swak finansiële ondersteuning, asook billikheidsoorwegings, in ag geneem, kan die HSAG se huidige befondsingsmodel en bydraes nie meer die “opt-out” bedeling ondersteun nie.

Die HSAG-bestuur oorweeg dit gevolglik tans om die regspan weer opdrag te gee om die huidige bedeling van “opt-out” na “opt-in” te wysig. Hierdie bedeling is voorheen deur die Hooggeregshof goedgekeur met sertifisering van die CCAF-saak, waarin 'n groot aantal feite en omstandighede presies dieselfde is as in die DECA-saak.

Dit kan beteken dat almal die geleentheid sal kry om deel te wees van die klasaksie maar, soos voorheen versoek, teen betaling van 'n registrasiefooi en/of 'n bedrag wat oorweeg sal word met bedrae wat opbetaalde lede reeds die afgelope jare betaal het.

Ten einde billik en regverdig te wees teenoor almal wat steeds kan en wil voortgaan met die litigasie word daar al van die begin van hierdie jaar vir lede gesê om hul gelde op datum te bring. Hierdie datum sal ongelukkig streng toegepas moet word.

## 8. VORDERING IN THE CCAF-SAAK

Eerstens sal die CCAF-aangeleentheid voortaan aangehaal word as *Waxham & Andere v Chemaly N.O & Andere*, siende dat die Eksekuteur van die boedel wyle Mnr Nicolas Georgiou, mnr Victor Joseph Chemaly N.O., nou formeel die eerste respondent in die saak is.

Die CCAF-regspan is in April deur die angewese Tintinger Ink. Prokureurs ingelig dat hulle nie die litigasieverrigtinge teen Mnr Georgiou se boedel gaan oorneem nie en het bevestig dat Kyriacou Inc Prokureurs die rekordprokureurs sal bly. Die CCAF-regspan het tot op datum hiervan egter geen terugvoer ontvang oor hoe Kyriacou Inc van voorneme is om die litigasieverrigtinge teen die boedel vorentoe te hanteer nie en geniet dit hul aandag.

Neem verder kennis dat die lys van eise formeel teen die boedel wyle Mnr Nicolas Georgiou ingedien is. Ons het tot op datum hiervan nie 'n verdere formele opdatering ten opsigte van bogenoemde ontvang nie, maar lede moet kennis neem dat hierdie prosesse wel tyd neem.

In die lig van die feit dat die eise formeel teen die boedel ingedien is, moet daar beklemtoon word dat die litigasie steeds voortduur totdat die aangeleentheid as sodanig opgelos is, alternatiewelik tussen die partye geskik is. Die belangrikheid daarvan dat lede tot hul eie saak bydra om hul saak en hul kanse op sukses te versterk.

## 9. <u>VORDERING IN DIE DECA-SAAK</u>

Die HSAG se regspan is hard aan die werk met ons sperdatum van einde Mei, die sertifiseringsaansoek, wat vinnig naderkom. Aansienlike voorbereiding moet gedoen word en hofdokumente moet opgestel word, en dit sluit die betoogshoofde in, wat, soos in Punt 2 verduidelik, baie belangrik tot ons saak en die sertifisering daarvan is. Alle vorige hofdokumente en -stukke moet natuurlik ook nagegaan word ter verfrissing, voor die verhoor begin loop.

Verder bly ons in noue, aanhoudende kontak met ons korrespondente om te verseker dat alle partye tot dié aangeleentheid gevoeg is en op hoogte gehou word van die saak. ‘n Saakbestuurvergadering is in die proses om geskeduleer te word en alle partye is daarvan in kennis gestel. Die HSAG-bestuur vergader ook weer binnekort op 3 Mei om verdere besluite te bespreek en neem, alles ter voorbereiding en in afwagting van die

verhoor, wat geskeduleer is om van 30 Mei tot 2 Junie te Pretoria Hooggeregshof te loop.

## 10. ALGEMENE NAVRAE

‘n Navraag wat ons gereeld kry is aangaande oordrag van die aandele, na ‘n geliefde se afsterwe. Ons wil almal graag herinner dat dit deur Orthotouch gedoen word. Hulle is die maatskappy wat die aandele se oordrag behartig en dit is eers ná ons ‘n dokument, deur hulle uitgereik, wat aandui dat die aandele in ‘n nuwe naam oorgedra is, ontvang het, wat ons dit op ons stelsel kan verander. Ons is ook bewus van die feit dat hulle in Sakeredding is – dit behoort egter geen impak op hul werksverrigting te hê nie een ons vra dat almal hulle op dié epos kontak: admin@orthotouch.co.za

## 11. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS

Opvragings moet deur lede in die korrekte rekeninge inbetaal word met die korrekte verwysingsnommer daarby aangeheg. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om elke foutiewe betaling te korrigeer ly daartoe dat die HSAG saak onnodig duur word.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangebring en ons versoek dat lede asseblief hul state noukeurig deurgaan wanneer hulle betalings maak.

## 12. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasienommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertragings of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.**com vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

## 13. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

**Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf**

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

**hsactiongroup@gmail.com**